



**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2019**

GRAAD 6 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Josua 8
Nuwe Testament	Handelinge 10
Les	Les 1-9

AFDELING A: Josua 8

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Hoeveel manne het teen Ai opgetrek? (Josua 8:3)
a) Dertig duisend b) Drieduisend c) Driehonderd d) Dertig
- 1.2 Met watter taktiek moes hulle Ai verslaan? (Josua 8:4)
a) omsingel b) hinderlaag c) pyl-en-boë d) slingervelle
- 1.3 Wie het Ai in Israel se hand gegee? (Josua 8:7)
a) Moses b) koning van Jerigo c) God d) Naftali
- 1.4 Wat moes hulle met die stad doen nadat hulle dit verower het? (Josua 8:8)
a) leeg los b) afbreek c) inneem d) brand
- 1.5 Wat het Josua vir die volk voorgelees na die offer? (Josua 8:34)
a) die Wet b) die Kroniekboek c) n brief van Farao d) 'n Psalm

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

stadspoort; Ebal; vee; twaalf duisend; buit

- 2.1 Al die mense van Ai wat op hierdie dag gesterf het, was _____ in totaal. (Josua 8:25)
- 2.2 Net die _____ en die _____ mag Israel gevat het. (Josua 8:27)
- 2.3 Op die berg _____ het Josua vir die Here geoffer. (Josua 8:30)
- 2.4 Die koning van Ai is by die _____ begrawe. (Josua 8:29)

Vraag 3 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Josua het die hinderlaag aan die linkerkant van Ai opgestel. (Josua 8:4)
- 3.2 Josua sou met min manne vir Ai van vooraf aanval. (Josua 8:5)
- 3.3 Josua en sy manne sou vlug sodat die manne van Ai hulle agternasit. (Josua 8:5-6)
- 3.4 Sodra al die manne van Ai uit die stad is, sal die res van Israel opstaan en Ai inneem. (Josua 8:7)
- 3.5 Die koning van Ai het geweet dat daar manne agter die stad wegkruip. (Josua 8:14)
- 3.6 Josua het vyf duisend manne by hom gehad. (Josua 8:12)
- 3.7 Die koning van Ai het al die manne agter Josua aangestuur. (Josua 8:17)
- 3.8 Die teken vir die hinderlaag om op te staan was wanneer Josua die spies in sy hand na Ai toe uitsteek. (Josua 8:18-19)
- 3.9 Voordat Josua se manne die koning van Ai kon vang het hy op sy eie swaard geval en so selfdood gepleeg. (Josua 8:23)
- 3.10 Daar het nooit weer mense in Ai gaan bly nie. (Josua 8:28)

20 Punte

AFDELING B: Handeling 10

Vraag 4 **Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:**

- 4.1 Cornelius was in die _____ leërafdeling. (Handeling 10:1)
a) Italiaanse b) Romeinse c) Israelitiese d) Egiptiese
- 4.2 Hy het 'n _____ in 'n gesig gesien. (Handeling 10:3)
a) soldaat b) engel c) lam d) vark
- 4.3 Simon Petrus was in _____ toe Kornelius die gesin sien. (Handeling 10:5)
a) Joppe b) Jerusalem c) Jerigo d) Ai
- 4.4 Die man by wie Petrus gebly het, was 'n _____ van ambag (Handeling 10 :6)
a) soldaat b) leerlooier c) messelaar d) skrynwerker
- 4.5 Petrus het 'n groot _____ sien afdaal na hom toe. (Handeling 10:11)
a) voël b) skaapram c) engel d) laken

Vraag 5 **Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:**

Cesaréa; onheilig; driemaal; rein; Jesus

- 5.1 Wat God _____ gemaak het, mag jy nie _____ ag nie. (Handeling 10:15)
- 5.2 Die voorwerp het _____ voor Petrus gesak. (Handeling 10:16)
- 5.3 Cornelius het in _____ gebly. (Handeling 10:24)
- 5.4 _____ is die Here van almal. (Handeling 10:36)

Vraag 6 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 6.1 Kaptein Cornelius was 'n baie gelowige man. (Handelinge 10:2)
- 6.2 Die Here het vir Cornelius gesê om Petrus te laat haal. (Handelinge 10:5)
- 6.3 Petrus het sommer dadelik verstaan wat God vir hom wou verduidelik met die gesig wat hy gesien het. (Handelinge 10:17)
- 6.4 Petrus wou nie hê dat Cornelius voor hom buig nie. (Handelinge 10:26)
- 6.5 Petrus het verstaan dat God gesê het dat hy geen mens heilig of onrein mag noem nie. (Handelinge 10:28)
- 6.6 Jesus het op die derde dag uit die dood opgestaan. (Handelinge 10:40)
- 6.7 Almal wat in Jesus glo se sonde is vergewe. (Handelinge 10:43)
- 6.8 Die heidene saam met Cornelius het nie die Heilige Gees ontvang nie. (Handelinge 10:45)
- 6.9 Petrus wou nie Cornelius en sy vriende doop nie. (Handelinge 10:47)
- 6.10 Petrus is dadelik daarna weer huis toe. (Handelinge 10:48)

20 Punte

AFDELING C: Les 1-9

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Jesus is ons goeie Herder wat vir ons gesterf het. (Les 1)
- 7.2 As een van die Herder se skape wegraak soek Hy hom tot Hy hom kry. (Les 2)
- 7.3 Die seun wat weggeloop het, het terugverlang huis toe. (Les 3)
- 7.4 Die oudste seun was verlore al was hy altyd naby sy vader. (Les 4)
- 7.5 Die priesters het die arme man langs die pad gehelp. (Les 5)

Vraag 8 **Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:**

vergewe; Hemele ; verdien; betaal; dood

- 8.1 Die Samaritaan het _____ sodat die man in die herberg versorg kon word. (Les 5)
- 8.2 Die ryk man vra dat iemand uit die _____ vir die mense moet gaan waarsku. (Les 6)
- 8.3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die _____ (Les 8)
- 8.4 Geen mens kan 'n plekkie in die hemel _____ nie. (Les 7)
- 8.5 Ek moet _____ soos God my vergewe. (Les 9)

10 Punte

Totaal: 50 Punte